

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van blylike evaluering, eenvormig op hierdie vorm Ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake Inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

2.9

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Ring van Algoa

Titel van Projek: Vrouebemagtiging


3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Amanda van Zyl
Posadres:	87 Dalton Rd, Sidwell, Port Elizabeth, 6001
E-pos:	amandavanzylnew@gmail.com
Faks:	n.v.t.
Tel. (k):	041 451 8221
Tel (h):	n.v.t.
Selfoon:	083 604 3358

	03/09/2020
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) PG Loubser, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van Algoa, dat hierdie projek op 22/9/20 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	28/9/20
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die doel van die projek is om vroue in die omgewing te bemagtig en nuwe vaardighede te leer. Daar is verskeie vroue in die omgewing wat binne moeilike en uitdagende omstandighede grootword, tot só 'n mate dat baie van hierdie vroue nie kan lees of skryf nie. Daar is ook verskeie vroue wat uitkoms vind in die doen van iets met hul hande en dit is presies wat die vrouebemagtiging as projek self vir hierdie vroue bied.

Tydens hierdie weeklikse geleenthede word vroue geleer om met hul hande goed te maak, om herwinbare materiaal te gebruik om bruikbare items te maak en om vir hulself nuwe dinge te doen. Die vroue word ook uit die Woord uit bedien en so ook geleer van God se troos en Sy beloftes vir ons te midde van ons omstandighede. Ons wil hierdeur vir vroue, wie se menslikheid en waardigheid gestroop word weens omstandighede, hul waarde teruggee. Baie van hierdie vroue moes al mishandeling en baie trauma in hul lewens deurmaak en dit is 'n geleentheid om saam met ander vroue van die gemeenskap in 'n verhouding te tree en ondersteuningsnetwerke op te bou.

Hierdie projek bemagtig vroue deur verhoudings, eerstens met God en ook met mekaar. Die bystand van iemand wat verstaan en die aanleer van nuwe vaardighede waarop jy kan trots wees is baie meer werd as geld of enige ander materiële bydraes.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Vroue in die gemeente en gemeenskap van Sdwell en Sydnym grootliks. Sienende dat dit 'n projek is wat alreeds vir baie jare deel is van PE-Noord se bediening aan die gemeenskap is die ring van Algoa ook deel van die mooi werk wat hierbinne plaasvind.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Kwartaal 1	3 maande
Kwartaal 2	3 maande
Kwartaal 3	3 maande
Kwartaal 4	3 maande

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Amanda Van Zyl	Gemeente, PE-Noord
Elizabeth Lamastra	Gemeente, PE-Noord
Susan Goosen	Gemeente, PE-Noord
Renate van Loggenberg	Gemeente, PE-Noord

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Toerusting in die Woord.	20-30

Toerusting in die maak van eenvoudige huishoudelike gebruiklike dinge.	20-30
Toerusting in die hergebruik van materiaal en sinvolle aanwending daarvan.	20-30

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Daar is jaarliks 'n afsluiting vir die vrouebemagtiging. Gewoonlik 'n ete vir die vrouens by 'n restaurant of 'n dag weg op die strand of enige prettige geleentheid waar hulle kan ontspan. Fondse hiervoor is baie keer ook beperk, maar daar word gepoog om elke week 'n paar rand hiervoor ook bymekaar te maak.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
R5 insameling (weekliks)	R1 000
Pannekoek bak geleentheid	R200
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	-
• Verblyfkoste	-
• Rekenaaruitgawes	R1 000
• Skryfbehoeftes	R2 500
• Drukwerk	R1 000
• Telefoon	-
• Posgeld	-
• Verversings	R3 500
• ANDER (spesifiseer asb):	-
TOTAAL:	R8 000

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R8 000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R1 200
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R6 800

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Semester 1	R4 000
Semester 2	R2 800

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokke en wees volledig asb. Die blokke sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die werk wat gedoen is onder vroue die laaste paar jaar deur die vrouebemagtiging was wonderlik. Die vroue wat deelvorm van die vrouebemagtiging is egter finansieel nie in staat om 'n werklike bydra te lewer tot die groter projek nie weens werkloosheid of bloot net omstandighede wat dit nie moontlik maak nie. Die vrouebemagtiging gee iets van hul waardigheid terug en deel daarvan is dat hulle nie hier herinner word aan hul finansiële uitdagings nie, maar eerder aan hulle waarde as vroue.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om per rekenaar ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit per hand wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf